



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF NKR VLAK 2

(11020312)

**15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00**

Hierdie eksamen vraestel bestaan uit 6 bladsye.

TYD: 3 UUR PUNTE: 100
--

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende is NIE deel van breekbare goedere nie? 

- A Elektroniese toestelle
- B Glasware
- C Klippe
- D Meubels

1.1.2 Die ... sektor is betrokke by verwerking- en vervaardigingsaktiwiteite.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D sake- 

1.1.3 Watter EEN van die volgende vakbonde verteenwoordig nie werkers in die vervoerbedryf nie?

- A PTWU (Professionele vervoerwerkersvakbond)
- B MTWU (Motorvervoerwerkersvakbond)
- C DENOSA (Demokratiese Verpleegorganisasie van Suid-Afrika)
- D TAWUSA (Vervoer- en geallieerde werkersvakbond van Suid-Afrika)

1.1.4 Watter EEN van die volgende voertuie behoort tot die klas 1-kategorie? 

- A Swaar motorvoertuig
- B Ligte motorvoertuig
- C Medium-swaar motorvoertuig
- D Ekstraswaar motorvoertuig

1.1.5 Die ... penaliseer bestuurders wat hulle aan padoortredings skuldig maak deur die oplegging van strafpunte wat tot die opskorting of kansellering van 'n bestuurslisensie kan lei.

- A Padverkeersgehaltetelsel 
- B Nasionale Padverkeerswet
- C Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe
- D Wet op Nasionale Landvervoer

(5 × 1)

(5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



1.2.1 Marienevervoer is die duurste modus wanneer grootmaatgoedere oor lang afstande vervoer word.

1.2.2 'n 18-jarige persoon kan aansoek doen om 'n professionele bestuurspermit om gevaarhoudende goedere te vervoer.

1.2.3 Die Strafproseswet hou verband met die gesondheid en veiligheid van mense by die werk.

1.2.4 Etiese probleme in die vervoerbedryf word vererger deur die gebrek aan werksetiek en verantwoordelikheid.

1.2.5 In die vervoerbedryf is die kliënt op soek na gehalteklieëndiens.



(5 × 1)

(5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die (Nasionale Padverkeerswet/Nasionale Vervoerwet) is 'n wet wat alle padverkeersaangeleenthede in Suid-Afrika reguleer.

1.3.2 Kliënte se behoeftes word gehanteer deur middel van (mensehulpbronne/bemaking) of bevordering van dienste.

1.3.3 Die term (verkryging/kontraktering) verwys normaalweg na die proses waartydens twee partye 'n wettige ooreenkoms aangaan.

1.3.4 Die bestuur van die maatskappy se voertuie staan bekend as (finansiële/vloot-) bestuur.



1.3.5 'n (Kommoditeits-/Vervoer-) onderneming bied vervoerdienste met betrekking tot goedere of mense aan plaaslike of internasionale kliënte.

1.3.6 (Voertuiginstandhoudingsbeheer/Vlootbeheer) verseker dat goedere betyds aan kliënte gelewer word.

1.3.7 Vervoerbedrywigheede maak deel uit van die (sekondêre/tersiêre) sektor.



1.3.8 (Reaktief/Voorkomend) verwys na instandhouding wat uitgevoer word om 'n onderdeel of komponent te herstel wat onklaar geraak het.

1.3.9 Lugbesoedeling is 'n gevolg van 'n (direkte impak/indirekte impak) op die omgewing. ★

1.3.10 (Uitkontraktering/finansiering) verwys na die kontraktering van 'n buiteparty om sekere take te verrig.

(10 × 1)

(10)

1.4 Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Lisensiëring en registrasie van sakeondernemer ★	A	Oorgangswet op Nasionale Vervoer oor Land
1.4.2	Vrugte en groente ★	B	Motorvervoerwerkers-vakbond
1.4.3	Beplan en maak voorsiening vir die landvervoer-infrastruktuur en -fasiliteite	C	Batterydiens
1.4.4	Verteenwoordig werkers in die vervoerbedryf	D	Bestuurderbeheer
1.4.5	Tipiese roetine-instandhoudingsdienste	E	Wet op Nasionale Landvervoer ★
		F	Bederfbare goedere

(5 × 1)

(5)

[25]

TOTAAL AFDELING A:**25**

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Noem DRIE maniere waarop vervoerbedrywighede 'n impak op die omgewing het.  (3)
- 2.2 Beskryf VYF maniere waarop onetiese of onwettige optrede in 'n vervoeronderneming voorkom kan word. (5 × 2) (10)
- 2.3 Gee DRIE redes waarom vervoerbedrywighede noodsaaklik vir die funksionering van enige samelewing is. (3 × 2) (6)
- 2.4 Stel DRIE redes voor waarom die RTQS (Padverkeerskwaliteitstelsel) nie daarin kon slaag om sy doelwitte te bereik om aanbodkettingbestuurspraktyke te hanteer nie.  (6)
[25]

VRAAG 3

- 3.1 Stel DRIE tegnologieë voor wat deur vervoermaatskappye gebruik kan word om vragsekuriteit te verbeter. (3 × 2) (6)
- 3.2 Gee VYF tipiese gevare in hul werksarea waarvan werkers tydens die oplaai- en aflaaiproses bewus moet wees. (5)
- 3.3 Bespreek VIER belangrike aspekte wat by die kontrolering van bestuurders oorweeg moet word.  (4 × 2) (8)
- 3.4 Beskryf enige DRIE aspekte van goeie kliëntediens. (3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 4

- 4.1 Onderskei tussen 'n *minibus* en 'n *midibus*. (5)
- 4.2 Verduidelik DRIE oortredings wat kan voorkom dat 'n professionele bestuurderspermit (PrDP) aan 'n applikant uitgereik word. (3 × 2) (6)
- 4.3 Noem DRIE nieroetine-, bekende situasies wat van tyd tot tyd plaasvind wat kan veroorsaak dat 'n motorvoertuig onklaar raak.  (3)
- 4.4 Bespreek VIER voordele van voorkomende voertuiginstandhouding. (4 × 2) (8)
- 4.5 Gee DRIE bedekte koste indien 'n voertuig nie in stand gehou word nie. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100